

## **WAT KAN ONS JN MEJ VERWAG?**

### ***Gemeentevroue vergader***

Op Dinsdag 7 Mei kuier die vroue in die gemeente lekker saam. Sandra Leewner van die sinodale kantoor van Weskaap is die spreekster.

### ***Kleinmond sop, sjerrie, sang***

Die afgelope jare bied Hangklip 'n lekker sang- en kuieraand aan. Kleinmonders kan op Vrydag 10 Mei in die kerksaal Hangklip se sukses-resep kom ervaar. Kaartjies teen R30 is by die kerkkantoor beskikbaar. Lidmate van Hangklip is natuurlik, soos altyd, ook baie welkom.

### ***Sinodesitting***

Van 13 tot 17 Mei verteenwoordig ds. Steven Sass, dr. Chris Malan en Le Roux en Ria Burrows ons gemeente by die Sinodesitting van Wes- en Suidkaap in Goudini. Die tema is: Volg Jesus met waagmoed.

### ***Kerkraadsvergadering***

Die Sentrale Kerkraad het twee formele geleenthede hierdie maand:

Die kerkraadsvergadering op 20 Mei en die skakeling met die VGK se Kerkraad op 23 Mei.

Die verskillende streekkerkrade vergader op 22 Mei.

### ***Manne-ontbyt in Hangklip***

'n Geleentheid wat nie misgeloop kan word nie, is die ontbyt in Hangklip waar al die kosmakers mans is. Kaartjies teen R80 per persoon is by die kerkkantoor en die dienswerkers in Hangklip beskikbaar.

### ***Pinkster***

Die Pinksterweek is hierdie jaar van 2 tot 7 Junie. Hou die Kerkklok dop vir meer inligting.



# GEMEENTENUUS

## NG KERK KLEINMOND

Mei 2019

### ***DANKBAAR NA PAASTEES***

'n Wonderlike Paasnaweek word afgesluit met die doop van klein Jurgen Dorfling op Opstandingsondag in die kerkgebou.

Ons vertrou al die lidmate in Kleinmond en Hangklip het 'n geseënde Paastyd beleef.



### ***HEMELVAART***

Op 30 Mei vier ons Hemelvaart – Jesus se terugkeer na die hemel nadat Hy die middelaarswerk klaar gedoen het.

Lees Johannes 15: 9-17

## ♪ Lees jou Bybel, bid elke dag, bid elke dag, bid elke dag ... ♪

Ervaar jy ook dat die Bybel 'n boek is wat anders is as alle ander aangrypende boeke?

Dis my manier om sonder kerktaal te probeer vra: is die Bybel vir jou die *lewende* Woord. Met *Woord*, met 'n hoofletter gespél, bedoel ons om te sê dis die *Býbel* waarvan ons praat. Met *lewende* wil ons graag uitdruk dat die inhoud van die Bybel 'n ander effek, 'n ander dinamika as enige ander boek het. Wanneer ons al twee woorde met 'n hoofletter spel, *Lewende Woord*, bedoel ons gewoonweg Jesus Christus, soos hoofstuk 1 van die Evangelie van Johannes ons lei om te verstaan.

Wat verstaan jy dan as die dominee praat van die Bybel as 'n *léwende* boek? Wag, kom ons beweeg bietjie weg van die blote verstandsvlak en formuleer die vraag liever: Ken jy die Bybel as vertellings, verhale, spreuke, gebede, inligting, ens., **wat 'n effek** op jou het? Beleef jy die Bybel as woorde, frases, idees wat 'n impak het op jou praktiese bestaan? Wanneer jy die Bybel lees, word dit dan soos 'n gesprek in jou gedagtes?

Ek glo dat die Here juis deur die Bybel in gesprek met ons tree. Dít het jy dalk al ook baie keer vanaf die kansel gehoor! Wat sou die dominee eintlik daarmee bedoel? Wat ek daarmee bedoel om te sê is: Ek verstaan die kommunikasieproses van die Here met ons deur die Bybel heen, land op die ou end dáár waar ons in ons gedagtes met die Here begin praat oor wat ons lees. Met ander woorde ons lees nie “sommer net 'n stukkie uit die Bybel nie.” Ons lees, hoor en wonder verder oor wat ons lees. Sodra ons begin wonder, begin ons gedagtes “beweeg.” En wanneer ons gedagtes begin beweeg, kan die Here dit in 'n rigting neem en kan Hy, as Heilige Gees, wat op 'n dieper vlak met ons gees skakel, ons help om nie maar net bloot kognitief te

verstaan nie, maar te hóór. Dan verstaan ons nie net nie; dan kliek ons! Dan beleef ons 'n “aha-moment” waar insig ontstaan. Dan beleef ons iets meer as wat ons met ons verstandelike vermoë self bereik. Dan beleef ons God se nabyheid, sy betrokkenheid by my omstandighede, my lewe. Dan praat Hy met my oor my deel binne sy Koninkryk. Dan praat Hy met my oor my rol, my roeping, waar ek daaglik naastes raakloop.

Wanneer jy volgende keer jou Bybel oopslaan, dink dan aan Moses en die brandende bos (Eksodus 3). Dit was 'n bos, een van baie ander bosse daar in die veld. Maar die Here het dáárdeur na Moses toe gekom. Die Here kom elke dag na jou toe deur 'n boek wat soos baie ander boeke gedruk en gebind is. Maar tóg anders is omdat God daardeur persoonlik met jou te doen wil hê. Het jy tyd om opsy te sit daarvoor? Is jy bereid om te dink, te wonder oor wat jy lees? Sien jy kans om op te let waarheen jou gedagtes dwaal? Kan dit maar terugkom na jou eie omstandighede toe of gaan jy dit daarvandaan wegkeer?

Die Bybel ís 'n lewende boek – en die lewe daarin, kom van God, jóú hemelse Vader wat Hom oor jou ontferm (2 Kor.1:3). Daarom gaan ons telkens weer na die Bybel toe.

Wees in die oomblik!

Groete uit Tweedelaan,

*Jamie Hougard*

### **HUMOR IN DIE KERK**

Du Preez Stoltz het op die NG Kerk Kroonheuwel-Noord se Vleisfees vertel van die kind wat in die middel van die preek saam met sy ma al kermend moes uitskuifel uit die kerkbanke, verby die groot tannie en slapende oom. Dominee sê:

“Toemaar suster, hy pla nie.”

Suster antwoord: “Dis nie die probleem nie, dominee, jy pla hóm.

